Bylaag II. Koers, Julie- -Augustus 1962.

# DIE SOGENAAMDE EKUMENIESE TEOLOGIE AGTER DIE WÊRELDRAAD VAN KERKE

*(Inougurele rede gehou by die aanvaarding van die professoraat in die Dogmatologiese Vakke aan die Teologiese Skool van die Geref. Kerk en aan die P.U. vir C.H.O., op 27 April 1962, deur prof. dr. S. J. van der Walt).*

Hooggeleerde rektor van die Teol. Skool; hooggeleerde rektor van die P.U. vir C.H.O.; hooggeagte lede van die Kuratorium en van die Raad van die P.U.; hooggeagte professore en lektore; eerw. bedienaars van die Woord; geagte studente; geagte dames en here:

Ek wil graag vanaand u aandag vestig op 'n moderne rigting in die teologie as agtergrond van die ekumeniese beweging, soos in die Wêreldraad van Kerke vergestalt.

In 'n pamflet oor „De wereldraad van Kerken; Vragen en antwoorden," uitgegee deur die Buro van die Ekum. Raad van Kerke in Nederland, word kategories ontken dat 'n bepaalde teologiese denkwyse die Wêreldraad van Kerke sou oorheers. Daarvolgens is elke teologie van die verskillende deelnemende kerke daarin verteenwoordig en „daarom bestaat er geen ‚Wereldraad-theologie'."

Nogtans word in Wêreldraad-kringe dikwels gepraat van „ekumeniese teologie" of „ekumeniese gesindheid" of „ekumeniese aksie" ens. Daar sit ongetwyfeld 'n grondbeskouing, veral t.o.v. die wese en taak van die kerk, agter al die openbaringe van die Wêreldraad, soos dit uitkom in woord en geskrif, asook in sy verskillende aktiwiteite.[1]) En om hierdie „ekumeniese" denke te bepaal moet ons kennis neem nie alleen van die offisiële studiestukke en besluite van die Wêreldraad nie, maar ook van wat in boeke en tydskrifte, veral die offisiële orgaan van die Wêreldraad (The Ecumenical Review), deur protagoniste van die Wêreldraad betoog word. En dan sal dit vir ons duidelik word dat dit die moderne Eksistensialistiese wysgerige denke is, soos teologies vertolk deur die Dialektiese teologie, wat fundamenteel ten grondslag lê aan die ekumenisiteit van die Wêreldraad van Kerke.

Ons leef momenteel in die greep van die deurbraakgees wat inklusiwisties van aard en strekking is en eerder die klem laat val op wat gemeenskaplik (kommunaal) is as op wat divergeer en varieer. Die antitese-

gedagte vind al minder byval en op elke gebied word gesoek na sintese. Christus word gesien as die Groot Vredevors, maar dat Hy, juis met die oog daarop, vuur en swaard op die aarde gebring het. sowel as verdeeldheid en tweedrag, soos blyk uit Matth. 10 : 34, 35 en Luk. 12 : 51, word soveel moontlik op die agtergrond gedring. In die ekumeniese visie word Christus en Belial 'n aanvullende rol toebedeel, 'n soort ko-eksistensie tussen lig en duister wat dialekties aan mekaar verbind is, tot 'n geheel, net andersom as wat ons lees in 2 Kor. 6 : 14, 15.

Ons vind van die vroegste tye af dat daar getrag is om die eenheid van die kerk in stand te hou, teenoor skismatiese rigtinge wat geneig het om die kerk te verskeur, soos die Montanisme bv. Hierteenoor het manne soos Ciprianus, Augustinus ens. 'n wal probeer gooi deur die apostoliese suksessie te benadruk wat uiteindelik gekulmineer het in die primaat van die Pous van Rome. Dit het nogtans nie verhinder dat die groot skisma tussen Oos en Wes in 1054 plaasgevind het nie, en weer die tweede groot skeuring in die Reformasie-tydperk. Toe was dit Humaniste soos Cassander, De Groot, Erasmus, Coornhert, Arminius, Callixtus ens., wat gepleit het vir toleransie en 'n Christendom bokant geloofsverdeeldheid. Dr. Visser 't Hooft, alg. sekr. van die Wêreldraad, sê dat daardie manne se bedoeling was dat alle Christene moes terugkeer na die fundamentele artikels van die vroeë Christelike geloof en so eintlik na die essensie van die ware geloof.[2]) Volgens hom is dit dan ook die strekking van die basis van die Wêreldraad. Daarvan sê hy „it confirms the truth defended by the Erasmians, that the fundamental content of faith has the power to unite."[3]) Hieruit blyk die wesenlike „fundamentalisme" van die Wêreldraad. Dis mede uit hierdie „fundamentalisme" dat die kerklike geesdrywery van die moderne ekumenisiteit voortvloei. In die opsig sluit dit dan ook aan by die spiritualistiese en piëtistiese rigtinge van vroeër wat ten slotte alle kerklike en konfessionele ringmure ondergrawe het.[4])

Hierdie supra- en intrakonfessionele gees vind ons ook baie sterk by beweginge soos die C.S.V. en die Christelike Jongmanne en -vroue bewegings, wat sterk invloed uitgeoefen het op die Wêreldraad-beweging. Veral die C.S.V. het groot invloed uitgeoefen by die Intern. Sendingkonferensie (Edinburgh, 1910) waar die eerste groot stoot gegee is tot wat in 1948 gelei het tot die vorming van die Wêreldraad van Kerke.[5]) H. Kraemer sê: „It is a truism that the World's Student Christian Federation has been in the past and is in the present one of the main lifestreams from which the Ecumenical Movement sprang and is nurtured."[6]) Die ideaal is dan om alle kerke uiteindelik weer te verenig in één wêreldkerk.[7]) Visser 't Hooft sê dat die Ekum. Beweging 'n einde wil maak aan die sektariese bestaan van die kerke en met alle mag soek om „de Una Sancta op te bouwen."[8]) Kurt Leese sê „Kaum ein Wort hört man heute in katholischen und protestantischen Kreisen mit solcher Bewegung

und Inbrunst ausgesprochen wie das der Una Sancta. In ihr sollen die Getrennten eins werden, sollen Katholiken und Protestanten sich auf das Gemeinsame, auf das Verbindende ihres christlichen Glaubens besinnen, sollen dessen inne werden, dasz sie *vor Gott*, wenn auch getrennte Brüder, so doch Brüder sind."[9])

Waar Rome op die standpunt staan dat die R.K. Kerk die alleen ware kerk op aarde is, beteken dit dat alle ander kerke uiteindelik in die arms van Rome sal moet terugkeer.[10]) C. A. Ryk verklaar in sy boek: „Das zweite vatikanische Konzil und die Wiedervereinigung im Glauben" (1961), dat Pous Johannes XXIII as doel van die Konsilie gestel het om die Roomse Kerk te verbeter waar iets gebrekkigs mag wees en dan sê die Pous volgens hom „Seht, Brüder, dies ist die Kirche Christi . . . Kommt und nehmt euren Platz ein, der für Viele von euch der Platz eurer Vorfahrer im Glauben war."[11]) So sal die Protestante dan as „broeders en susters" terugverwelkom word.

Die brug na Rome is reeds klaar gelê in die Grieks-Ortodokse Kerk, wat van die begin af lid van die Wêreldraad was. Volgens aartsbiskop Michael glo die kerk net soos Rome dat die Goddelike openbaring tot ons kom deur Skrif en tradisie, wat volkome gelykwaardig is. Waar die Ortodokse Kerk die Filioque verwerp, val die klem dáár nog sterker op die mistieke leiding van die Heilige Gees en neem die Skrif lank nie die sentrale plek in die Godsopenbaring in wat dit het in die Protestantse kringe nie. Net soos Rome het hulle ook 7 sakramente. Ook hulle beroep hulle op die Apostoliese suksessie net soos Rome en glo aan die letterlike liggaamlike offerande van Christus in die nagmaal. Ook by hulle is daar die verering van die heiliges en veral van die maagd Maria. Ook hulle het 'n kloosterstelsel met monnike en nonne.[12]) Wel verwerp hulle die sg. „onfeilbaarheid van die Pous," maar is die Konsilies vir hulle tog onfeilbaar.[13]) Waar die Grieks-Ortodokse Kerk en nou ook die groot Russies-Ortodokse Kerk in volle regte op die Wêreldraad sit, kan ons nie sien wat kan verhinder dat die één groot Wêreldkerk uiteindelik gerealiseer sal word nie, insluitende die Rooms-Katolieke Kerk.

Barth het van die begin af, nie alleen deur sy teologie nie, maar ook persoonlik 'n groot aandeel gehad in die bevordering van die Wêreldraad van Kerke. R. Prenter sê: „The reform of modern Protestant theology, inaugurated by K. Barth, has put its clear marks on the work of Dr. Visser 't Hooft.[14]) en verder sê hy: „The way in which the Kingship of Christ in relation to the world is conceived bears the marks of Reformed theology, especially of Karl Barth." Volgens P. Douglas was Amerikaners geskok oor die groot rol wat Barth in sy teologie op die stigtingskongres van die Wêreldraad van Kerke te Amsterdam gespeel het. Hy praat van die „powerful impact" wat Barth en sy teologie op Amerikaners in Amsterdam gemaak het.[15]) Horton sê: „K. Barth played a leading and quite

irenic role at Amsterdam." Verder sê hy dat „Barth's services to the ecumenical movement have been very great. His theology has established a middle ground between orthodox and liberal Christians... An extraordinary proportion of the ecumenical leaders in Europe are Barthians."[16]) In sy boek „Karl Barth and Christian unity" sê Keller dat „conservative church circles resist the Barthian theology because it acts like dynamite in church politics and breaks up the old factional groups."[17]) Volgens hom het Barth dan ook verklaar dat hy makliker kan ooreenkom met die liberale as met die konserwatiewe seksies. Keller praat van die „superconfessional effect of Barthianism."[18]) Verder sê hy dat Barth se teologie uitnemend inpas in die moderne denksfeer ook van die huidige filosofie en bevorderlik is om die weg te baan vir „a true ecumenical theology," wat nie bestaan in 'n teologiese sintese of konfessionele veranderinge nie maar wat eintlik 'n „translation of our theological conflicts back into the ultimate conflict of man with God" beteken.[19]) Volgens Keller maak die Barthiaanse idee van indirekte en dialektiese openbaring „the very definition of boundaries impossible."[20]) Dus val alle grense eintlik prinsipieel weg ook tussen kerke en konfessies. Soos Barth sê, die kerk is in homself 'n Esouskerk, een stuk sondige hubris. Tog is dieselfde kerk in Christus 'n Jakobskerk, volkome heilig en verlos. En waar kerk en wêreld vir hom eintlik saamval, beteken dit dat die wêreld as sodanig in toto verlore en behoue is, dus 'n soort geestelike kommunistiese heilstaat, in Christus Jesus. Ideëel gesien egter bly die kerk as volkome openbaring van die liggaam van Christus steeds 'n esgatologiese werklikheid wat wel die historiese werklikheid beheers en dra, maar nie self histories word nie. Die historiese kerk is eerder die plek (Raum) waar Christus Homself openbaar. Die wese van die kerk lê dus eintlik daarin dat hy steeds besig is om kerk te *word* en nie in iets wat hy reeds in homself *is* nie.

In sy rede oor „wereldoorlog en theologie" (1945) sê Berkouwer dat daar geweldig verwarring is in die teol. denkwêreld in sy geskipper tussen Humanisme en Antihumanisme, tussen die sg. endgeschichtliche toekomsverwagting en die eksistensialistiese esgatologie. Berkouwer praat van „een constructie der theologie van een modern chaoties levensgevoel."[21]) Verwarrend ja, inderdaad, as mens bv. bedink dat manne soos Gogarten, Tillich, Niebuhr, Barth en Brunner, om net enkele dialektiese teoloë te noem, in hul konklusies en praktiese toepassing van beginsels soms ver uitmekaar staan, terwyl almal tog eintlik op dieselfde dialektiese grondslag staan. Terwyl die een neig na die Sosialisme, neig die ander na 'n Quiëtistiese ontlediging van die historie. Weliswaar het Barth getrag om die geskiedenis wat eers vir hom *leeg* was enige sin te gee „durch die reale und so trostliche gebieterische Gegenwart Gottes" in die heilsgeskiedenis.[22]) Maar prof. F. L. Polak meen nogtans dat daar geen *wesenlike* verandering in Barth se dialektiese siening van die geskiedenis gekom het nie. Hy sê: „Het komend Koninkrijk Gods van Barth is een

Rijk der Toekomst, Zonder Rijk en Zonder Toekomst en dat ook niet komt in de gewone zin van het woord."[23]) Volgens hom is Barth se Godsryk volstrek Jenseits, volkome los van die kultuur, onhistories en sonder historiese perspektief.

Vir die Barthiaanse teologie wat so 'n groot rol speel in die Wêreldraad van Kerke is die kerk eintlik die voorlopige en onvolmaakte openbaring van en preliminêre heenwysing na die Koninkryk van God. Berkelbach van der Sprenkel wys daarop dat by die Konferensie oor Faith and Order (Lund, 1952) daar veel meer oor Kerk gespreek is as oor die Koninkryk, terwyl daar deur Christus in die Evangelies net *twee* keer van kerk gespreek is en dikwels oor die Koninkryk.[24]) Vir die dialectici kom die Koninkryk deur die kerk, wat die Liggaam van Christus is, en is dit tog steeds na sy wese daarin en daaragter *verborge.* Die Roomse teoloog Congar oefen op hierdie punt skerp kritiek uit in sy boek: „Divided Christendom."[25]) Hy wys daarop dat die Encycliek: Mortalium Animos (1928) die standpunt van die Faith and Order-konferensie van Lausanne, 1927, verwerp, dat „the Church of Christ is not an already existing reality, but that all Christian bodies which preserve a minimum of ecclesiastical order and doctrinal tradition are in some measure, though imperfectly, the Church of Christ."[26])

Dit alles kom hierop neer dat geen enkele kerk op aarde die kerk van Christus is nie, maar dat *alle* kerke saam, elkeen op sy manier en vir sy deel, iets van die ware kerk sigbaar maak. Daarom sê Roger Mehl bv. van die Roomse standpunt nl. dat die Roomse Kerk die ware en egte historiese kerk van Christus is: „The very expression Ecclesia quoad substantiam is unacceptable. If it is true that the Church ... lives solely by the Lord's Word (which is solely an *act*) ... how can one still speak of a *substance* of the Church?"[27])

Agter die ekumeniese strewe van die Wêreldraad van Kerke sit die gedagte dat Christus eintlik die mistieke wese van die kerk uitmaak. Die Wêreldraad wil dus nie net 'n blote „gespreksentrum" wees nie, maar wil as 't ware vlees en gestalte gee aan die één ware liggaam van Christus. So spreek Van Dusen bv. taamlik smalend van die idee om die Wêreldraad vir 'n soort van debatsvereniging te gebruik en sê dan: „This whole manner of thinking seems never to have come adequately to terms with the very central affirmation of Faith that God ... has at last spoken in His Son, that the Word has taken flesh and dwelt among us. The climacteric and definitive means of Divine communication was not speech, but life, actual Incarnation. And by the same token, He continues to make Himself known to men not primarily through the words men speak about Him (sermon, theology), but through the reproduction of His Word Incarnate in the lives of men ..."[28])

In verband met die incarnatio continua-gedagte moet ons stel dat

Barth wel 'n veel dieper insig in die gebrekkigheid en verdorwenheid van die kerk hier op aarde het en dit daarom nie so direk soos die Roomse, die Grieks-Ortodokse kerke en baie Anglikane vereenselwig met die vleeswording van Christus in die kerk as sy liggaam nie. Nogtans sê Barth dat Jesus Christus die kerk is en ook dat Jesus Christus die Koninkryk van God is.[29]) Al voeg hy dan hierby dat ons dit nie mag omkeer en sê dat die kerk Jesus Christus is nie, is dit tog duidelik dat hy nie 'n wesensonderskeid tussen Christus as die Hoof en die kerk as die Soma van Christus kan aanvaar nie. Vir Barth is die inkarnasie van Christus 'n gebeurtenis wat die historie eers tot „Geschichte" maak, en dit beteken dat God in Hom dié mens geskep het en dat die mensheid alleen in *Hom* leef en bestaan in die Goddelike dimensie. Daarom kan Barth eintlik nie die belydenis van Chalcedon aanvaar t.o.v. die twee nature van Christus nie. Volgens hom berus dit op 'n statiese konsepsie van die Christus asarkos en van 'n menswese onafhanklik van die Christus incarnatus. Barth benader hier sterk die beskouing van Osiander. Vir Barth is versoening en openbaring wesenlik identies, en ons word versoen daarin dat ons deur die geloof opgeneem word in en deel kry aan die openbaring van God wat deur die vleeswording tot ons kom.

Hierdie aktualistiese openbaringsopvatting van die Dialektiese teologie is dan ook die rede waarom daar in die Ekumeniese kring van die Wêreldraad so veel gepraat word van die Gees en so weinig van die Skrif. Die Bybel is daar inderdaad nie meer die „Regula fidei" of „Supremum Judex" soos wat dit vir die Hervormers was nie. Die Wêreldraad verklaar by Lund (1952): „Through His Spirit Jesus Christ Himself is present in His Church." Deurgaans val die aksent daar op die leiding van die Gees maar nêrens word die Heilige Skrif beklemtoon nie. Die toekoms alleen sal ons toon wat die kerk wesenlik is as die Liggaam van Christus, soos wat die Koninkryk van God algaande realiteit verkry en vorm aanneem. In 'n offisiële rapport wat op die Wêreldraad-byeenkoms in Evanston, 1954, gedien het word o.a. gesê: „Wellicht wil de Heer in deze dagen tot zijn kerk komen, nog niet voor het laatste oordeel, maar wel met een nieuwe uitstorting des Geestes."[30]) Daarom kan ons die kenmerke van sektariese Entoesiasme en Geesdrywery so duidelik merk in die byna fanatieke beweging vir broederskap en eenheid in die Wêreldraad, wat wel 'n sekere affiniteit vertoon met die fanatisme van die Kommunisme. God is hierby die groot Bron van geestelike kapitaal en in Christus is al die produksie-middele van 'n sosiale Utopie, wat kommunisties of liewer kommunaal aan *alle* mense behoort en vir *alle* mense, sonder enige onderskeid, toeganklik gemaak moet word. 'n Christus wat nie die deel is van *alle* mense, sonder uitsondering nie, is eenvoudig nie aanvaarbaar vir die Ekumeniese wêreld nie.

In sy Dogmatiek praat Barth van die gemeente as „Leib Christi" en

dit word dan nader gekwalifiseer as „seiner eigenen irdisch-geschichtlichen Existenz Form."[31]) Hoewel Barth sterk klem lê op die „Einmaligkeit" van die vleeswording, is dit tog duidelik dat die vleeswording vir hom in afgeleide sin voortgeset word in die kerkwording, waardeur die Koninkryk Gods tot stand kom. En vir Barth sluit die kerk of Koninkryk die *hele* wêreld in. Hy verklaar prontuit dat „Jesus Christus ist der Versöhner aller Menschen und so... der Versöhner jedes einzelnen Menschen." Hy praat van die verlossingswerk van Christus as „der in ihm geschehenen Heiliging der ganzen Menschenwelt"[33]) en in dieselfde deel verklaar hy dat in Christus, „die Aufrichtung der ganzen Menschenwelt... schon vollzogen ist."[34]) Die opstanding in Christus dra vir hom 'n *universele* karakter. (Onderstreping deur Barth).[35]) En dit bedoel hy in die mees pregnante sin as die *totale* verlossing van die *totale* wêreld. (Onderstreping deur Barth). Alle mense, of hulle dit nou weet of nie, het deel aan die verlossing in Christus. Elke mens *„ist* jetzt die von ihm gerechtfertigte und geheiligte." In Christus is die mens „jetzt Gottes Kind... Erbe des ewigen Lebens" en is die mens, (let wel, sonder enige kwalifikasie), se sonde „vergebene, bedeckte, annulierte Sünde."[36])

Dis hierdie universalisme van Barth wat ten grondslag lê aan die deurbraakgees wat so sterk in die Wêreldraad lewe, wat ten slotte moet lei tot uitwissing van alle grense, selfs tussen Christendom en Heidendom. Opmerklik is dat Barth die woord „Heiden" steeds in aanhalingstekens skrywe, en dat die woord selfs in ons land deur sommige vervang word deur „nie-Christelike volke." In die Toronto-verklaring van die Sentrale Raad van die Wêreldraad (1950) word dit eenvoudig aan elke kerk oorgelaat om te bepaal waar hy die grens tussen „Church" en „Non-Church" wil lê. C. T. Craig vind dit verwaand vir enige kerk om te verklaar dat in 'n ander kerk nog net „vestigia ecclesiae" te bespeur is, soos wat Calvyn bv. van die Roomse Kerk verklaar het. Volgens hom maak ons in so 'n geval gebruik van „a static Greek conception of truth as that 'which ultimately' is". Eerder moet ons gebruik maak van die „Hebrew conception of truth in terms of valid relationships." Die wese van die kerk moet dus nie soseer bepaal word volgens wat dit *is* nie as wel volgens die verhouding wat dit aanneem teenoor God.[37]) Die kerk moet dus nie gesien word in sy ontiese betekenis nie, maar in sy dinamiese wordingsproses in die voortgaande openbaring of vleeswording van Christus. Die kerk is altyd in beweging en kan dus nie na sy wese beskryf word nie, behalwe alleen dat dit betrokke is op God in Christus, en also deel het in esgatologiese sin aan sy heerlikheid. Daarom sê Visser 't Hooft: „We must find a terminology which enables us to give expression to the dynamic element in the ecumenical situation."[38]) Omdat die *hele* mensheid gesien word as betrokke in hierdie beweging, daarom is die sg. Ekumeniese Beweging inklusiwisties van aard. Daarom kan Berkelbach van der Sprenkel so maklik verklaar

dat „de periode van die Theol. apologetiek en polemiek voorbij is" en dat „er een oecumenische theologie aan het kiemen is." Want volgens hom is almal op pad „de ene Heer tegemoet."[39]) Dr. Ir. H. v. Riessen verwys in hierdie verband na Jaspers se eksistensieleer, waarvolgens die mens in vryheid wordende eksistensie is. Hy sê dat hierdie „dinamiese" beskouing alle vastigheid van Gods Woord en van ons geloof degradeer.[40]) Dis dan ook geen wonder nie dat in Wêreldraad-kringe sulke dinge soos belydenistrou en kerklike tug in 'n slegte reuk staan. Ook geen wonder dat daar onder hierdie kringe die sg. „Festivals of faith" georganiseer word, waaraan nie alleen die verskillende Christelike kerke deelneem nie maar waar selfs ook Jode en Mohammedane, Boeddhiste en Confusianiste ens. 'n integrale plek kry, as synde almal soekers na God, kinders van dieselfde hemelse Vader en almal broers van mekaar en waar God dan sg. net onder verskillende name aangeroep word.

Vandaar ook die gegoël met die gemeenskaplike nagmaal wat gereeld by die Ekumeniese byeenkomste van die Wêreldraad plaasvind, soos bv. by die studente-awendmaal te Utrecht, Nederland, in 1961 en onlangs weer by die Wêreldraad-kongres te Nieu-Delhi waaraan volgens berig, 2500 afgevaardigdes en belangstellendes in vier afdelings deelgeneem het.[41]) Die konselebrasie, wat ook in die vorm van interselebrasie gevier kan word, is dan die wondermiddel wat Ekumeniese eenheid moet bewerkstellig. Volgens prof. Torrance van Edinburgh is die interkommunie „a means for promoting the unity of the Churches". Verder is „intercommunion the road to union, so that all who are baptized should have free access to the appointed means for healing their divisions, the Eucharist."[42]) Volgens Hand. 2 : 42 egter blyk dit dat die dissipels „*volhard* het in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood." Dit is dus nie 'n middel om eenheid te *bewerk* nie, maar om dit te *versterk*. Opmerklik is egter dat by die Ekumeniste daar veel meer gepraat word oor *wie* die nagmaal mag *bedien* (nl. in die Biskoplike suksessie of nie) as oor *wie* dit mag *gebruik*.[43]) Daar is in Protestantse kringe al meer 'n neiging tot sakramentalisme as synde 'n mistieke middel wat blykbaar ex opere operato werk. Daarom dat daar so 'n sterk Romaniserende tendens openbaar word, wat o.a. ook in die sg. Liturgiese Beweging tot uiting kom. Tillich praat in hierdie verband van die nugterheid van die Calvinistiese kerke en sê dat Calvyn hierdie „Hochschätzung der Sakramente" as „Aberglauben" beskou het.[44]) Ewewel pas die Sakramentsdrywery uitnemend in die patroon van moderne Ekumeniese denke en aksie.

Onder invloed van die Eksistensialisme word die kerklike liturgie, en veral die sakramentele handelinge, gesien as tekens en simbole wat heenwys na die Christus Mysticus wat in en agter alles leef en handel. En hoewel daar dan verskillende interpretasies aan die nagmaal gegee mag word, bly dit nogtans vir die Ekumeniste een en dieselfde Christus wat

simbolies deur die sakrament en reëel deur sy Gees in die harte leef en werk en so die Ekumeniese Kerk tot stand bring.

Uit wat Barth betoog, kan dit vir ons duidelik word watter fatale konsekwensies die dialektiese Christologie ook vir die sending het.[45]) Want dan moet ons *alle* mense beskou as kinders van God, al is hulle ook volslae heidene. Hulle is maar net onkundig aangaande hul ware wese en posisie voor God. Die Christen het hoegenaamd niks voor op die heiden nie. Barth sê dat die evangelie aan die mens laat verstaan dat God sy heidendom nie ernstig opneem nie en dat hy in daardie opsig vir God „unbetrachtlich" is. God glo nie in sy ongeloof, goddeloosheid en heidendom nie. Dit gaan nie om die kerstening van die wêreld nie want in Christus is die wêreld reeds gekersten. Die kerk se taak is om die mensheid van sy groot misverstand te verlos. Vir Barth is die kerk nie net op die Apostolaat gegrond nie, maar is dit met die Apostolaat „geradezu identisch."[46]) Van Til wys daarop dat hierdie sg. Apostolaatsteologie voortvloei uit Barth se valse predestinasieleer, wat deur en deur aktiwisties is en wat eintlik beteken dat God van oomblik tot oomblik alle mense wat in hulself verworpe is, aanneem tot sy kinders in Christus. Hy sê dan daarvan: „Christ is identical with the church. The essence of the church lies in the fact that it is pure act. Its essence lies in its mission."[47]) In die genoemde rapport voor die Wêreldraad van Kerke (1954), word gesê dat daar 'n omwenteling gekom het in die kerkbegrip en dat daar tans gesoek word na 'n juiste omskrywing. „Haar grondbegrip wordt weergegeven door het woord ‚apostolaat'."[48]) Dit blyk dus dat sowel die definisie van die kerk self as die van sy eintlike taak vervaag word in die idee van dinamiese beweeglikheid wat op geen enkele punt vasgelê kan word nie. Apostolaat beteken dan eintlik dat ons deur die Gees van Christus gedryf word om die geledere te sluit en saam voort te beweeg op 'n gans onbekende pad tot die realisering van 'n Koninkryk Gods waarvan ons nie die vaagste benul het nie, en so die werk van die apostels voortset en afrond.

Barth se universalisme blyk o.a. ook duidelik uit sy boodskap wat hy in 1937 gestuur het aan die Faith and Order-konferensie, Edinburgh, waar definitief besluit is tot die oprigting van 'n Wêreldraad van Kerke. Daar skryf hy „that in Christ the sin of all men, their contradiction against God and their own inner selfcontradiction, is done to death, taken away, forgiven and exists no more."[49]) Dit moet noodwendig lei tot sinkretistiese waardering vir die wesenlike „Christendom" in die Heidendom, soos o.a. vertolk deur aartsbiskop Tempel by die Sendingkonferensie van Jerusalem in 1928: „We recognize as part of one Truth that sense of the Majesty of God . . . which is conspicuous in Islam; the deep sympathy for the world's sorrow and unselfish search for the way of escape, which are at the heart of Buddhism; the desire for the contact with ultimate reality conceived as spiritual, which is prominent in Hin-

duism; the belief in the moral order of the universe ... inculcated by Confucianism."[50]) Dit skyn dus of in hierdie soort „sending" die duiwel deur Beëlsebul uitgedryf moet word. Weliswaar het sommige Barthiane daarteen gereageer. Barth self sal so 'n waardering van die heidendom seker nooit aanvaar nie. Nogtans bly dit 'n feit dat vir hom *alle* godsdienste, inklusief die Christelike, op 'n gelyke vlak te staan kom, in sover ook die Christendom maar 'n teken is wat van die mens af wegwys na God toe, in wie *alle* mense hul lewe het as kinders van God. Wie dus die heidene sou benader in die sin asof hulle buite Gods Koninkryk en die Christene daarbinne sou wees, is eintlik besig met kerklike proselietemakery of imperialisme. In die Ecum. Rev. skryf L. Zander bv.: „Abstention from proselytizing is not an axiom or even a problem of religion, but a necessary postulate of ecumenical reality," en verder: „in accepting ecumenism we renounce attempts to convert others to our own view, hard as this may be for us ... This is demanded by the principle of *mutuality*, apart from which no ecumenical work is possible."[51]) Hieruit volg o.i. dat die Christendom nie meer soos 'n Paulus kan uitgaan om die Lig van die Evangelie in 'n donker wêreld in te dra nie. Veeleer moet ons nou met „Jode, Grieke en Barbare" 'n „gesprek" gaan voer en in 'n rondetafelbespreking *saam* soek na die waarheid wat in Christus is. Gedurig moet ons vandag hoor dat die Bybel 'n kerugmatiese boek is en daarom nie eenvoudig in letterlik-historiese sin geïnterpreteer moet word nie, maar as ons vra na die *inhoud* van die Kerugma, dan blyk dit leeg en inhoudloos te wees en alleen heen te wys na die „Onbekende God" van die Eksistensialisme vir wie die mensdom 'n altaar oprig met die motto: „One world, one Church."

Dieselfde vaagheid en onbelyndheid spreek ook deurgaans uit die voorlopige rapport: „New Delhi speaks" wat deur Visser 't Hooft uitgegee is oor die jongste vergadering van die Wêreldraad te Nieu-Delhi. Ook daar word weer telkens beklemtoon dat Christus deur sy Heilige Gees die kerke sal lei tot ware eenheid, maar nêrens word die Heilige Skrif pertinent gestel as grondslag en maatstaf daarvan nie. Wel moet ons aansluit by die „Apostolic witness" in die Heilige Skrif, maar die openbaringswaarheid word nie daaruit *geput* nie. Die wil van God moet deur die kerke *ontdek* word, nie in die Skrif nie, maar al tastende na die Waarheid. Die Heilige Gees sal wel mettertyd openbaar wat Hy mee besig is in die Wêreldraad van Kerke. So lees ons bv.: „We are learning what the Council is by *living* together within it."[52]) En dan word van die Wêreldraad gesê dat baie Christene besef „that the Council is in some new and unprecedented sense an instrument of the Holy Spirit for the effecting of God's will for the whole Church." Alles bly hier vaag en misties en ons *weet* eintlik nie waar die Gees ons heen wil lei nie. Ons moet maar net gehoorsaam wees en die kerk herstel in sy oorspronklike eenheid hier op

aarde en dan sal God kragtig deur sy Gees werk en sy Koninkryk deur die kerklike aksie laat kom. Maar hierdie „eenheid" moet dan so wees dat die Wêreldraad geen verklaringe daaroor mag maak „which contravene the recognized doctrines of member churches, nor attempt to impose any one conception of unity."[53]) Dit sou beteken dat waar die kerk bv. gesien word as 'n bloot sosiologiese of kultuurhistoriese verskynsel wat 'n aardse Utopie van deug en goeie sedes tot stand wil bring, daar moet so 'n kerk of groep ten volle deel in hierdie mensgemaakte *eenheid*.

Hierdie selfde latudinariese gees vind ons ook in hierdie rapport waar daar gehandel word oor die wondermiddel van Inter-kommunie, waarin blykbaar 'n panasee skuil vir alle verdeeldheid. Dit word nie net beperk tot groepe of kerke binne die grense van die ***ware*** kerk nie, maar strek hom uit tot al wat sig met die naam van die kerk dek. En waar die kerk, die wêreld en Gods Koninkryk in die „ekumeniese teologie" ten slotte *geïdentifieer* word, pas dit wonderlik in die kraam van die Kommunisme, sodat Barth se eertydse vriend Brunner laas jaar in 'n lang skrywe vir Barth beskuldig het dat hy die Kommunisme in die hand werk. Met die aansluiting van die Russies-Ortodokse Kerk by die Wêreldraad laas jaar is die Kommunistiese vleuel daarin geweldig versterk en geen wonder dat daar weer met klem besluit is dat gemengde eredienste wenslik en Christelik is nie maar meer nog dat „the complacency of a secure and homogeneous community may have to be disturbed by a Christian initiative in inviting people of different races into it."[54]) So word dan nie alleen kerkgrense nie, maar ook alle volksgrense uitgewis en skyn dit of God nie „ekumenies" was toe Hy aan volkere begrensde woonplekke gegee het nie, Hand. 17 : 26; Deut. 32 : 8. Tog laat die natuur, wat God in die mens gelê het, hom steeds geld, nie alleen in biologiese sin soos wat al meer en meer in die nuwere antropologie erken word nie, maar ook in kulturele en geestelike sin, soos wat bv. blyk uit wat Elmer Clark in 1951 geskryf het: „American Negroes have shown a strong disinclination to associate themselves with white or mixed churches, and nearly all of them have left or refused to join such churches and have set up all-Negro denominations of their own . . . There are no theological differences between white and black Baptists or Methodists. They are seperated on racial grounds alone."[55])

Teenoor die valse ekumenisiteit van die Wêreldraad van Kerke moet ons ten slotte stel dat daar ook so iets is soos egte ekumenisiteit of wat ons liewer sou wil bestempel as katolisiteit, nl. die eenheid in Christus soos wat Hy in die Heilige Skrif aan ons geopenbaar word. Christus het nie verniet in sy Hoëpriesterlike gebed so gepleit vir die *eenheid* van sy kerk nie, Joh. 17. Ons glo ook aan die eenheid (unitas) en katolisiteit van die kerk. Die „naatlose kleed" van Christus mag nie verskeur word nie. Maar hierdie naatlose kleed simboliseer seker ook die heiligheid en

geregtigheid van Christus in Bybelse sin, en juis dit het in die moderne Ekumeniese teologie verlore gegaan. En dit kan nie met 'n skyn van uitwendige eenheid vergoed word nie.

Opmerklik is dat die term „Oikuméne" in die Nuwe Testament 15 keer gebruik word in die sin van „die hele bewoonde wêreld," maar dat dit 14 keer sien op die wêreld buite of in teëstand tot Christus. Vgl. Luk. 2 : 1, 4 : 5; Openb. 12 : 9; Hand. 17 : 31 ens. Daarteenoor vind ons in Hebr. 2 : 5 dat daar gepraat word van „tên oikoeménén tên melloesan," „die toekomstige wêreld." Dit word in „Geschichte der Okumenischen Bewegung" tereg soos volg verklaar: „Denn dieser Ausdruck betont den vergänglichen Charakter der gegenwärtigen Oikuméne und erhält die gewaltige Behauptung, dasz es eine neue und verwandelte Oikuméne unter der unmittelbaren Herrschaft Jesu Christi geben word."[56]) Ook in die Theol. Worterbuch zum N.T. betuig Otto Michel dat die woord: „Oikuméne" gewoonlik 'n Grieks-kulturele en Romeins-politieke konnotasie ingehou het.[57]) Daarom kom dit ons twyfelagtig voor of die woord so besonder goed geyk sou wees om die eenheid van die kerk aan te dui. Met die oog op Hebr. 2 : 5 sou ons verkies om liewer die Koninkryk van die hemele aan te dui as ekumenies en die kerk as katoliek. Al beteken die woorde feitlik dieselfde, dra die katolisiteitsgedagte tog nie so 'n sosiaal-politieke kleur soos ekumenisiteit nie. En dis juis die Koninkryks-opvatting van die Wêreldraad van Kerke wat ons as uiters bedenklik voorkom en wat die eenheidstrewe van die kerk aantas en vervals tot 'n menslike poging om die Koninkryk van God as 't ware prematuur ryp te druk en kunsmatig tot stand te bring. Die kerk as volk van God en gemeenskap van die heiliges *is* wesenlik één in Christus en as almal waarlik *lewe* uit die Christus van die Skrifte en deur die Gees van God, sal en moet die eenheid vanself organies groei en bloei. Dis dus nie in die breedte- nie maar in die diepte-dimensie dat hierdie eenheid gesoek moet word deur almal wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf is, die Christus van die Bybel.

Ons slotsom is dus dat die Una Sancta nie in die Wêreldraad soos tans saamgestel tot openbaring *kan* kom nie, omdat dit gedoen word deur 'n sg. „ekumeniese" teologie wat dit as Kerk of Corpus Christi radikaal vervals. Ons glo aan 'n *heilige, algemene, Christelike* kerk. Maar so 'n kerk kan nie lewe op 'n teologie wat nóg heilig, nóg algemeen, nóg Christelik is nie, al sou hy sy innerlike naaktheid met 'n skyn van Christelike vroomheid probeer bedek.

Die sg. „Ekumeniese teologie" is nie *heilig* nie, omdat dit gedra word en teer op die apoteose van die mens en van die wêreld in sy eksistensialistiese selftranscendering, al word dit dan ook gesien as iets wat van buite af na ons toe kom, en nie immanent van onder af uit ons opstu nie. Dis 'n teologie wat wortel in die idealistiese filosofie en wat

nie gebore is uit die selfopenbaring van die Heilige God in sy Heilige Woord nie.

Die „ekumeniese teologie" is ook nie *algemeen* of katoliek nie, omdat dit ten diepste antroposentries en soteriologies ingestel is en nie die „Soli Deo Gloria" in sy alomvattende en universele dimensie betrek nie. Die heelal bevat oneindig meer as die *menslike* eksistensie, en wat nie uit God gebore is en op sy verheerliking gerig is nie, is nie katoliek nie maar eng en bekrompe, sonder ware perspektief en uitsig op die grenslose ewigheid en volheid van God.

En ten slotte is die sg. „ekumeniese teologie" in sy wese ook nie *Christelik* nie, omdat Christus nooit en nêrens anders te vind is as in die Skrifte wat van Hom getuig nie. (Joh. 5 : 39; Luk. 24 : 27). Wie Hom nie soek in die Wet en die Getuienis, is 'n volk wat geen dageraad het nie, Jes. 8 : 20. Ekumeniese teologie kan dus alleen opbloei uit die onvoorwaardelike *onderwerping* aan die gesag van die Skrif. En hoewel die Wêreldraad nou die woorde: „according to the Scriptures" in sy basisformule ingevoeg het, bly dit nog 'n feit dat Moderniste, Mistici, Ritualiste, Unitariërs, Barthiane ens. nog steeds lede is en bly. Van kinderlike onderwerping aan en aanvaarding van die onfeilbare gesag van die Skrif is daar geen sprake nie. Daarom moet ons hierdie sg. „ekumeniese teologie" verwerp.

* * *

Mag ek ten slotte enkele woorde van dank en waardering uitspreek teenoor die eerw. Kuratorium van die Teol. Skool en ander lede van die Kieskollege vir die vertroue in my gestel om my in so 'n hoogs-verantwoordelike betrekking aan te stel, asook teenoor die Raad van die P.U. wat my benoeming ook vir die Universiteit bekragtig het. Met die krag en genade wat ek ontvang het wil ek graag beide inrigtinge dien en daardeur ook ons kerk en volk dien na die beste van my vermoë.

Hooggeagte rektore van die Teol. Skool en Universiteit, en geagte professore en lektore, ek dank u vir die gulhartige ontvangs en goeie samewerking wat ons reeds mog ondervind, en ons sien uit na die tyd wat nog voorlê en waarin ons hopelik steeds eendragtiglik sal saamwerk in die magtige taak van die ontwikkeling van die wetenskap in die lig van Gods geopenbaarde waarheid.

Waar ons al enige tyd met die doseerwerk hier besig is, voel ons behoefte om ook die studente te bedank vir die mooi gees van samewerking en toegewyde arbeid wat ons steeds van hulle kant kon ondervind. Dit maak die werk tot 'n fees van intellektuele en geestelike genieting en besiel tot steeds meer toewyding en verdieping.

Mag die getroue Verbondsgod ons almal steeds lei en ondersteun in die bestudering van die geweldige probleme in die teologie en ons

arbeid, wat in swakheid verrig word, vrugbaar maak vir die uitbreiding van sy Koninkryk, tot eer van sy driemaal heilige Naam.

Ek dank u.

1) Vgl. D. Hedegard: Ecumenism and the Bible, p. 47—62.
2) Ecumenical Review, VII, 4, p. 311, 312.
3) Id., p. 316.
4) Vgl. W. J. Aalders: „Om de kerk", p. 28.
5) Vgl. o.a. Geschichte der Okumenischen Bewegung, II, p. 261—274.
6) The Ecum. Review, I, no. 1, p. 109.
7) Vgl. Ruth Rouse in Ecum. Rev., VI, 3, p. 239.
8) Droefenis en grootheid der kerk, p. 67.
9) K. Leese: Die Religionskrisis des Abendlandes und die reliöse Lage der Gegenwart, p. 408.
10) Dit blyk ook wel in wat ons lees in Gesch. der Okum. Bewegung, p. 348.
11) Pag. 126.
12) Vgl. Bilheimer: The quest for Christian unity, p. 140 e.v.
13) Kyk The Ecum. Rev., XII, I, p. 5.
14) Ecum. Rev., I, no. 1, „The Kingship of Christ."
15) Ecum. Rev., I, 3, p. 289.
16) Kyk „The theology of Paul Tillich", p. 43.
17) Keller: Karl Barth and Christian unity, p. 71.
18) Id., p. 81.
19) Id., p. 274.
20) Id., p. 275.
21) G. C. Berkouwer: Wereldoorlog en theologie, p. 41.
22) K. Barth: Dogm. I, p. 719.
23) F. L. Polak: De toekomst is verleden tijd. (1958), p. 215.
24) B. van der Sprenkel in „Drie Oecum. studies", p. 17.
25) M. J. Congar: Divided Christendom, p. 120—123.
26) Id., p. 132.
27) R. Mehl in Ecum. Rev. IX, 3, p. 246.
28) Vgl. Ecum. Rev. I, 3, p. 256.
29) K. Barth: Dogm. IV, 2, p. 741 v.
30) Het program van de Wereldraad van Kerken, 1954, p. 30. Vert. deur B. van der Sprenkel.
31) K. Barth: Dogm. IV, 2, p. 780.
32) Id., p. 696.
33) Id., p. 693.
34) Id., p. 702.
35) K. Barth: Dogm. IV, 3, p. 349 e.v.
36) Id., p. 348.
37) Kyk Ecum. Rev., Apr. '51.
38) Ecum. Rev., VIII, 1, p. 25.
39) B. van der Sprenkel in „Drie Oecum. studies", p. 5—7.
40) Kyk Getrouw, Jan., 1962.
41) Vgl. Internationaal Christ. Nieuwsbulletin, 15 Des. 1961.
42) Aangehaal deur D. Jenkins in „Essays on Christology".
43) Vgl. bv. dr. A. Rinckel se art. oor „Intercommunio" in „Drie Oec. studies, p. 49 e.v.

44) Kyk Neue Zeitschrift. für syst. Theol., Hft. 3, 1961.
45) K. Barth: Dogm. IV, 2, p. 921 e.v.
46) Kirch: Dogm. II, p. 577.
47) The new modernism, p. 285.
48) B. van der Sprenkel, a.w. p. 48.
49) Vgl. K. Barth: The church and the churches, p. 23.
50) Aangchaal deur Durand: Una sancta catholica in sendingperspektief, p. 185 v.
51) Kyk Ecum. Rev., April 1951.
52) Visser 't Hooft: New Delhi speaks, p. 73.
53) A.w., p. 70.
54) Uit 'n pamflet oor die Wêreldraad-kongres te Nieu-Delhi, versprei deur F. J. van Wyk, Asst. Direkteur van die S.A. Institute of Race Relations.
55) Ecum. Rev., Julie 1951.
56) Der Ökum. Bewegung, II, p. 435.
57) Theol. Wörterbuch zum N.T., V, p. 159.

* Weens die afwesigheid van prof. Jooste oorsee kon hierdie lesing ongelukkig nie bekom word nie. Moontlik sal dit in 'n volgende uitgawe gepubliseer word.